



government communications

Department:
Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

KOVID-19-ENTSTOWWE V&A

Entstofveiligheid is 'n prioriteit

Ons verspreidingsstrategie behels die toets van elke entstof. Ons bedank ons wetenskaplikes vir hulle harde werk saam met die regering om die veiligheid van alle entstowwe te verseker.

Watter entstowwe is doeltreffend teen die 501Y.V2-mutasie?

Die AstraZeneca-entstof is veilig en doeltreffend en word regoor die wêreld gebruik. Daar is egter vir Suid-Afrika getoon dat dit minder doeltreffend is vir die 501Y.V2-variant vir mense wat effens siek is. Die 501Y.V2-variant is tans die dominante variant in die land. Die AstraZeneca-entstof is egter steeds doeltreffend om mense teen ernstige KOVID-19-simptome, hospitalisasie en dood wat deur 501Y.V2 veroorsaak word, te beskerm.

Die Johnson & Johnson-proefneming het getoon dat die entstof doeltreffend teen die 501Y.V2-variant is. Vroeë resultate van Moderna beweer ook dat sy entstof doeltreffend teen dié variant is. Die Pfizer-BioNTech-entstof word getoets om te bevestig dat dit beskerming teen die nuwe variante bied en vroeë proefnemingsresultate is positief.

Kan die AstraZeneca-entstof steeds gebruik word?

Vervaardigers van dié entstof het gesê dat hulle later in die jaar waarskynlik 'n aangepaste weergawe teen die variant wat as 501Y.V2 of B.1.351, bekend staan, beskikbaar sal stel. Wetenskaplikes sal nou met mekaar in gesprek tree en hulle sal ons raad gee oor hoe die entstof gebruik sal word.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die virus verskeie kere gemuteer het en selfs verder sal muteer, net soos baie ander virusse. Entstofvervaardigers het die vermoë om bestaande entstowwe te herontwerp en aan te pas om die nuwe variante in weke of maande, indien nodig, beter te bestry, namate hulle meer leer oor hoe die virus muteer.

Is die President, Minister en die land om die bos gelei?

Alle lande in die wêreld wag vir die dringende entstowwe wat lewens sal red.

Alle entstowwe is op die basis van die oorspronklike SARS-COV-2-variant ontwikkel wat algemeen regoor die wêreld was. Die entstof wat deur AstraZeneca en Oxford Universiteit ontwikkel is, was belowend gewees, en mense wat die entstof in proefnemings wat in Suid-Afrika gedoen is, ontvang het, was 75% minder geneig as mense wat plasebo's ontvang het om ligte tot matige gevalle van KOVID-19 te ontwikkel.

Die Suid-Afrikaanse regering het probeer om entstowwe van 'n aantal bronne te verkry, waaronder die globale COVAX-inisiatief. Die regering se proses vir entstofverkryging was

egter reeds onderweg voordat die 501Y.V2-variant en ander variante ontdek is. Suid-Afrika kon nie, voor die doeltreffendheidsresultate, die ontvangs van die entstofdosisse vertraag om te wag vir die resultate van die doeltreffendheidsstudies deur ons wetenskaplikes nie, aangesien dit die land sou terugskuif na die agterkant van die tou vir entstowwe, as gevolg van globale voorraadterkorte.

Was Suid-Afrika bewus daarvan dat die entstowwe wat bestel is in April sou verval?

Dit is belangrik om kennis te neem dat die entstowwe wat ons verkry het nog nie verval het nie. Die Departement van Gesondheid het ook in die oorspronklike entstofplan beplan dat die eerste fase van die AstraZeneca-entstofverspreiding voor die vervaldatum afgehandel sou wees.

Die April-vervaldatum is deur die implementering van ons kwaliteitsversekerings- en kontroleprotokolle bevestig.

Wat gaan SA oor die saak doen, gaan ons die dosisse terugstuur?

Alhoewel daar bevind is dat die AstraZeneca-entstof nie teen ligte en matige siekte werk nie, kan dit steeds beskerming teen ernstige siekte, hospitalisasie of afsterwe, bied. Ons sal dus alle moontlikhede ondersoek voordat ons op die gepaste gedraglyne besluit.

Hoekom het Suid-Afrika die AstraZeneca-entstof in besit geneem sonder om te weet hoe doeltreffend dit teen die variant is wat die algemeenste in die land is?

Alle lande het entstowwe vooruit bestel, aangesien daar 'n globale tekort aan dosisse is. Ons moes dus voortgegaan het toe daar dosisse vir Suid-Afrika beskikbaar was. Ons wetenskaplikes het egter onmiddellik begin om die doeltreffendheid van beskikbare entstowwe te bestudeer toe hulle die algemeenheid van die 501Y.V2-variant ontdek het. Dié proses is moeisam en gedetailleerd en is ongelukkig eers afgehandel toe die land reeds die eerste dosisse in besit geneem het.

Sal dit as nuttelose en verkwistende besteding geag word?

Suid-Afrika en die res van die wêreld betree die onbekende. Elke oomblik is kosbaar as ons lewens gaan red en ons lewenswyse gaan bewaar. Ons sal steeds alle moontlikhede ondersoek om toegang tot entstowwe wat lewens red te verkry, wat beide veilig en doeltreffend is.

Ons wetenskaplikes sal verder beraadslaag oor die gebruik AstraZeneca-entstof in Suid-Afrika en, afhangende van hulle raad, sal die entstof voor die vervaldatum geruil word. Die departement sal, deur ongebruikte entstowwe voor die vervaldatum te ruil, verseker dat die aangekoopte AstraZeneca-entstowwe nie verkwistende of nuttelose besteding word nie.

Hoe veilig is dié entstowwe?

Entstowwe word streng getoets vir veiligheid en doeltreffendheid, gebaseer op proefnemingsdata van duisende deelnemers regoor die wêreld. Verskeie nasionale en internasionale regulerende agentskappe het die KOVID-19-entstowwe noukeurig vir veiligheid en doeltreffendheid ondersoek.

Ons het 'n bykomende beskermingslaag in Suid-Afrika. Die SA reguleringsowerheid vir gesondheidsprodukte (SAHPRA) kyk na al die wetenskaplike data om te verseker dat die entstof veilig, doeltreffend en 'n kwaliteit produk is.

Omdat KOVID-19-entstowwe vinnig ontwikkel is, het alle reguleerders wêreldwyd ook ekstra meganismes in plek gestel om hulle te kontroleer.